

JUNIE

Vrydag

Een ding wat ek uit my jare as kind geleer het, is dat jy GEEN beheer oor jou eie lewe het nie.


Van die begin van die vakansie af was daar niks wat ek moes DOEN en nêrens waar ek moes WEES nie. Solank die lugversorger aan was en die TV se afstandbeheer batterye ingehad het, was alles gereed vir 'n ontspanne somervakansie.

Maar toe uit die bloute gebeur DIT:



Dis nie die EERSTE keer dat Ma ons sonder waarskuwing ingelig het van 'n lang reis nie. Verlede jaar op die eerste dag van die somervakansie het sy gesê ons gaan tant Loretta 'n paar dae lank in die verpleeginrigting besoek.

Dit was nie juis 'n prettige manier om die somer af te skop nie. Een keer toe ons tant Loretta besoek het, het haar kamermaat my gegryp en sy wou my nie laat gaan tot 'n personeellid vir haar 'n sjokolade-muffin gebring het nie.




Maar Ma het sommer gekok oor die verpleeginrigting. Met ontbyt die volgende oggend het sy ons vertel waarheen ons RÊRIG op pad was.




Ek en my broer Rodrick was bly, omdat ons glad nie uitgesien het daarna om die eerste week van die somervakansie skuifbord by 'n verpleeginrigting te speel nie.

Maar toe my kleinboetie Manny van die planverandering hoor, het hy 'n VLOERMOER gegooi. Ma het met soveel geesdrif oor die besoek aan tant Loretta gepraat dat Manny nogal OPGEWONDE was om te gaan.



Ons moes ons besoek aan Disney World UITSTEL sodat ons eers 'n draai by tant Loretta kon maak. 'n Mens sou gedink het Ma sou 'n les oor verrassingsreise DAARUIT geleer het.



Ek weet PRESIES waar hierdie idee van 'n lang motorrit vandaan kom: Die jongste uitgawe van "Gesinsvreugde" het vandag per pos hier geland.

Ek sou raai dat 90% van alles wat ons as 'n gesin saamdoen, kom van die idees wat Ma in daardie tydskrif sien. En toe ek die jongste uitgawe sien, het ek geweet dit gaan Ma se wiele laat rol.



Ek het 'n paar keer deur "Gesinsvreugde" geblaai, en ek moet erken, die foto's laat alles altyd baie prettig lyk.

